**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**TIK SG**
**(Tweede Vraestel)**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES SORGVULDIG DEUR VOORDAT JY MET DIE VRAESTEL BEGIN.

- Tik jou eksamennommer bo-aan elke vel wat jy vir jou antwoorde gebruik.
- Begin elke vraag op ? afsonderlike vel papier.
- Rangskik jou antwoorde in die korrekte numeriese volgorde in die eksamenomslag.
- Indien jy die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets in Afrikaans beantwoord, moet jy vrae 2, 3, 4, 5, 6, 7 en ook 8 in Afrikaans beantwoord.
- Gaan asseblief jou getikte antwoorde sorgvuldig na.
- Die opsieners sal jou inlig in verband met Vraag 1.
- Voltooi eers Vraag 1 en handig dit in voordat jy met die ander vrae begin.

**INSTRUKSIES AAN OPSIENERS:**

1. Voorsien elke kandidaat van ten minste agtien velle A4-papier (80g) in die eksamenomslag voor die aanvang van die eksamen.
2. Die tikopvoeder moet verseker dat alle tikmasjiene in goeie werkende toestand is.
3. Geen kool- of korrigeerlint mag tydens die eksamen gebruik word nie.
4. Dit is noodsaaklik dat ? tikopvoeder vir die duur van die eksamen een van die opsieners in die tiklokaal moet wees om hulp te verleen indien ? tikmasjien onklaar sou raak.
5. Kandidate moet ten minste 15 minute voor die aanvang van die eksamen aanmeld.
6. Kandidate moet toegelaat word om eers vir ongeveer 10 minute deur die vraestel te lees voordat hulle met Vraag 1 begin. Hulle mag lyne trek en woorde onderstreep.
7. Beide opsieners moet in besit wees van ? stophorlosie vir tydsbeheer. Die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets moet deur die tikopvoeder waargeneem word. Opsieners mag nie gedurende die afneem van hierdie toets tussen die kandidate rondbeweeg nie.
8. 8.1 Alvorens kandidate met die vraestel begin, moet hulle opdrag gegee word om hulle eksamennommers bo in die REGTERHOEK van die papier wat vir die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets gebruik gaan word te tik. Nadat al die kandidate hierdie instruksie uitgevoer het, word die teken gegee om met die toets te begin.
   8.2 Sodra die toegestane tyd vir die tydnoukeurigheidstoets verstreke is, moet die opsiener al die toetse inneem en sy/haar voorletter na die LAASTE GETIKTE WOORD OP ELKE BLADSY PLAAS. Al die bladsye wat ? kandidaat gebruik het om Vraag 1 te beantwoord moet aanmekaar vasgekram word. SLEGS VRAAG 1 SE ANTWOORD-BLADSYE WORD AANMEKAAR VASGEKRAM.
   8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die opsiener om elke kandidaat se vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets na afloop van die eksamen in die korrekte individuele eksamen-omslag te plaas.
9. Tydens die afneem van die res van die vraestel moet beweging tussen die kandidate beperk word tot die uitreiking van addisionele papier, probleme met tikmasjiene, ensovoorts.

## VRAAG 1

### TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

Die tydnoukeurigheidstoets moet in dubbel- of 1½-reëlafstand op een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10º. ? Minimum spoed van **35 w.p.m**. word verwag en die grense word deur (**w.p.m**.) aangedui.

**TYD: 10 minute** **[60]**

Die woord gesondheid kan gesien word as ? toestand waarin siekte afwesig is. Dit kan ook vollediger omskryf word as die fisieke, geestelike en sosiale welstand van die individu. Dit het dus te doen met die verhouding tussen die liggaam, die gees en die sosiale patrone van die mens.

Die werknemer se gesondheid kan benadeel word deur siektes, ongelukke en spanning. Dit beteken dat bestuur nie alleen moet omsien na die fisieke welstand van die werknemers nie, maar ook na hul psigiese welstand.

Dit is duidelik dat swak werknemersgesondheid tot groot werk afwesigheid en ? lae vlak van produktiwiteit lei. Bestuur kan die onderneming in ? groot mate teen hierdie verliese beskerm deur gereeld ondersoek in te stel na die welstand van werknemers en die toestand van masjinerie. Die werknemer baat natuurlik ook by so ? gesondheidsplan in die opsig dat minder werksdae en betaling as gevolg van afwesigheid verlore gaan.

In die werksituasie kan die werknemer blootgestel word aan ? wye verskeidenheid faktore wat ? siektetoestand kan veroorsaak. Dit is die verantwoordelikheid van bestuur om toe te sien dat die werksplek so ingerig is dat beroepsgesondheid bevorder word. Om dit te kan vermag, kan gesondheidsprogramme by die onderneming ingestel word.

Menslikehulpbron-bestuurders het vandag te make met komplekse probleme wat die gesondheid van werknemers bedreig. Dit sluit vigs, rook, alkoholisme en dwelmmisbruik in.

Geestesgesondheid kan beskryf word as ? toestand waarin ? werknemer goed aangepas is, ? akkurate persepsie van die werklikheid het en betreklik suksesvol kan aanpas by die druk en frustrasies van die lewe.

Uitbranding beteken dat die individu voel sy of haar fisieke **35 w.p.m.**
en geestelike bronne is uitgeput as gevolg van die voortdurende strewe na ? werkverwante doelstelling. Uitbranding is dikwels die eindresultaat van te veel werkdruk en stres, veral waar die druk spruit uit ? strewe na onbereikbare doelwitte. Dit ................................ **40 w.p.m.**
is dikwels dinamies, doelgerigte en idealistiese mense wat eintlik oordrewe toegewyd is aan hul taak wat aan hierdie sindroom lei. Hierdie individue is intens in alles wat hulle aanpak, stel hoë eise aan hulself en rig gewoonlik hul aktiwiteite ................................................ **45 w.p.m.**
uitsluitlik op die bereiking van bepaalde doelwitte, wat beteken dat hulle dikwels ongebalanseerde lewens lei.

Daar is ? hele aantal redes waarom mense werk. Wat ook al die rede vir ? besondere individu is, werk is die hoofbedrywigheid van die .................................... **50 w.p.m.**
moderne samelewing. Mense werk nie net om voor die hand liggende redes soos om ? salaris te verdien nie, maar ook omdat werk ? belangrike rol speel in die ontwikkeling van selfagting en ? eie identiteit. In die moderne samelewing bepaal .................................................... **55 w.p.m.**

## VRAAG 2

Tik die volgende **balansstaat** met kantlyne van 10°.

**TYD:** **20 minute** **[32]**

Balansstaat soos op 13/12/05 \voluit

Deeno Mediesefonds Skema

| | Notas | 2005 R | 2004 R | |
|---|---|---|---|---|
| Bates | | | | |
| Nie-Bedryfsbates | | 13 829 | 4 938 | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | 6 722 | 4 938 | # |
| Beleggings eiendomme | 3 | 7 107 | - | |
| Bedryfbates | | 10 934 | 7 172 | |
| Bydrae Uitstaande | 4 | 2 994 | 3 807 | \ok |
| Opgelope inkomste | 6 | 7 940 | 3 365 | |
| Totale Bates | | 24 763 | 12 110 | |
| Laste Fondse en | | | | \trs |
| Ledegeld | | | | |
| Opgehoopte ~~kapitaal~~ fondse | | 10 867 | 3 200 | \del |
| Nie-Bedryfslaste | | | | |
| Spaarplan Laste | | 8 000 | 908 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bedryfslaste | | 5 896 | 8 002 |
| Uitstaande eise | 8 | 4 231 | 808 |
| Bydrae ontvang | | 1 667 | 7 194 |
| Totale Fondse | | 24 763 | 12 110 |

Tikster: Moenie stippies byvoeg nie.
Tik al die onderstreepte woorde in Hoofletters.

## VRAAG 3

Tik die volgende **tabel** op een vel **A4-LANDSKAPPAPIER**. Linieer die vertikale lyne in ink of met die tikmasjien.

**TYD: 28 minute** **[36]**

5° ← Gunsteling Radiostasie vir die nasie \b.k.

(Basis: 70 onderhoude) \o.k.

| Radiostasies in FM (AM) ste reo en frekwensie | TAAL | | Blok ← Ouderdomme | | Aantal Onderhoude | | \o.k |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Engels | Afrikaans | 13 - 22 | 23 - 34 | Seuns | Meisies | |
| Metro 96.4 (5) | 50 | 20 | 40 | 30 | 38 | 32 | \del. |
| Kaya 95.4 | 55 | 15 | 45 | 25 | 30 | 40 | |
| High(h)veld 94.7 | 58 | 12 | 48 | 22 | 32 | 38 | \del. |
| Jozi 105.8 | 60 | 10 | 50 | 20 | 40 | 30 | |
| 5 FM 98.0 | 51 | 19 | 19 | 51 | 45 | 25 | |
| YFM 99.2 | 59 | 11 | 22 | 48 | 45 | 25 | |

1 'n Ontleding van antwoorde op / ~~antwoord vraag~~ (stet): Watter radiostasie is u gunsteling stasie \stet

## VRAAG 4

Tik die volgende **brief** korrek op die **ORGAANSKENKING-**briefhoof. ? Ekstra briefhoof word voorsien. Gebruik ? linker-kantruimte van 15º en ? regter-kantruimte van 10º.

**TYD: 35 minute** **[50]**

Junie 18 2006 \tik korrek

POSBUS 164, NELSPRUIT, 1200

Geagte me. Nkoetoe

← ORGAANSKENKINGS

orgaanskenkings is deesdae so suksesvol dat baie lewens op λ manier gered kan word. λhierdie

* (Voeg paragraaf hier in) \voluit

In S.A. het ons 'n stelsel van ingeligte toestemming. Dit beteken dat al word jou skenkerskaart gevind met jou dood, mag geen organe verwyder word viroorplanting sonder dat jou familie toestemming gegee het nie.

→ geen kostes daaraan verbonde om 'n orgaanskenker te word nie. (Daar is)

Die volgende organe kan oorgeplant word: hart, longe, niereλ pankreas en lewer. Die volgende weefsels word ook gebruik: korneas, hartkleppe, vel ③ ② en ① been. λ,

[Lig asseblief jou familie in aangaande die organe wat jy graag wil skenk.

In sommige gevalle kan 'n orgaan geskenk word terwyl jy nog lewe. Lewendige skenkings van bv. 'n nier ~~van bv~~. of deel van 'n lewer geskied bykans altyd tussen bloedverwante familie, soos 'n ouer aan 'n kind, omdat die soort gelyke bloedgroep en weefseltipe 'n baie groter kans op sukses bied. Jy kan ook beenmurg skenk terwyl jy nog leef. \del. \C

Enigeen onder die ouderdom van sewentig jaar wat goeie gesondheid geniet, kan 'n orgaanskenker word. Enigeen jonger as 18 jaar sal sy/haar ouers se toestemming moet hê. \in syfers

Mense kan nie organe koop of verkoop nie. Orgaanskenking word in Suid-Afrika as 'n "geskenk van lewe" beskou. Om handel te dryf in organe is wêreldwyd onwettig.

'n Oorplantingspasiënt sal nooit weet wie die skenker was nie. Vertrou likheid word altyd gehandhaaf, behalwe in die geval van lewende skenkers waar oorplantings gewoonlik binne dieselfde familie gedoen word. \C

Jy kan van plan verander deur jou ~~donasie~~ ~~skenkerskaart~~ op te skeur en jou familie in kennis te stel dat jy nie langer 'n orgaanskenker wil wees nie. \stet

Die uwe

Barnard (Colette) trs

Konsultant

* Voeg paragraaf in

Skakel die stigting vir orgaanskenkers se tolvrye nommer vir inligting. Die stigting sal dan 'n orgaanskenkerskaart aan jou pos wat jy altyd in jou beursie moet dra en orgaanskenkersplakkers wat jy op jou identiteitsdok. en rybewys kan aanbring. # voluit

**VRAAG 5**

Tik die volgende **huurooreenkoms** korrek.

**TYD:** **25 minute** **[36]**

Huurooreenkoms: Meenthuis

Huurooreenkoms gemaak en aangegaan deur en tussen

Monde Yoyo |b.k.
(hierna die VERHUURDER genoem)
en
Silvester Moleko
(hierna die HUURDER genoem)

Hiermee word daar soos volg ooreengekom:

* Die verhuurder verhuur hiermee aan die huurder, wat onderneem om van die huurder te huur meenthuis nommer 20 geleë in Dingostraat 33, Soweto, Diepkloof, op die volgende voorwaardes:

* Hierdie kontrak sal vir 'n tydperk van ses (6) maande wees. |trs

* / huurgeld is die bedrag van ~~R5 000~~ R4 000 (vier-duisend-rand) per |stet. maand, maandeliks vooruitbetaalbaar op die eerste dag van elke maand tot opsegging hiervan, by die kantore van die VERHUURDER.

* Die HUURDER sal die meenthuis alleenlik vir die doel as 'n private woning gebruik.

* Die HUURDER sal aanspreeklik wees vir koste van elektrisiteit ~~en water~~. |del.

Aldus gedoen |loop aan

en geteken te Diepkloof op hierdie tweede dag van 05/2006. |voluit

As getuie

1. .............................. ..........................

Huurder

2. .......................... ..............................

Verhuurder

Sit korrek uiteen

Tikster: Voeg nommers 1 - 5 by die paragrawe.

Delete die *

**VRAAG 6**

Tik die volgende **verslag**. Gee uitvoering aan alle manuskriptekens.

**TYD:** **24 minute** **[34]**

MIV/VIGS [VERKORTE VERSLAG OOR DIE KERNFEITE VAN VIGS

is Vigs 'n siekte wat miljoene Suid-Afrikaners raak. | trs.
Dit word veroorsaak deur 'n virus wat as MIV bekendstaan, wat geleidelik 'n mens se vermoë om ander siektes te beveg aftakel. Wanneer iemand besmet is, bly die virus lewenslank in die liggaam, wat beteken dat alle mense met MIV uiteindelik vigs sal kry, wat 'n noodlottige siek te is. 1.1 Deur onbeskermde vaginale of anale seks met 'n besmette persoon te hê. 1.2 Deur kontak met besmette bloed, d.w.s. deur besmette naalde of chirurgiese instrumente byvoorbeeld gedurende tradisionele besnyding. 1. Miv word van een persoon na 'n ander versprei: 1.3 Deur oordrag van 'n besmette moeder na haar kind gedurende swangerskap, geboorte of (alhoewel net sommige babaas van besmette moeders met MIV besmet word). 2. Medikasie | borsvoeding | spel
Daar is geen medisynemiddel wat miv-infeksie kan genees nie, maar daar is medisyne wat die virus kan beheer en die vordering van vigs kan vertraag. Anti-retrovirale medisyne vertraag / spoed waarteen / virus vermenigvuldig. Al kan hierdie MEDISYNE nie die virus heeltemal elimineer nie, kan dit die | b.k. | o.k.

simptoomvrye periode van die siekte verleng deurdat dit die vermenigvuldiging van die virus vertraag.

[ λ mense wat MIV-positief is, leef lang en gesonde |Baie lewens deur na hul gesondheid om te sien, fiks te bly, behandeling te kry as hulle siek is, die ~~regte kos~~ regte ¶ kos te eet, stres te verminder en veilige seks te beoefen.

Nota aan tikster:
Rangskik paragrawe in die korrekte orde.

## VRAAG 7

Tik die volgende **getuigskrif** op die POLISIEAFDELING DE DEUR se briefhoof. ? Ekstra briefhoof is voorsien. Gee uitvoering aan alle manuskriptekens.

**TYD:** **22 minute** **[32]**

Junie 2005 31 | tik korrek

Lectori Salutem

Hiermee verklaar die ondergetekende dat Linda Coolman

'n ~~kadet~~ polisiebeampte aan bogenoemde polisieafdeling | del.
vanaf Februarie 2000 was.

LINDA het die ondersteuningsrol wat van die polisiemag | o.k.
verwag word, op 'n uiters bekwame wyse vervul.

[Gedurende hierdie tydperk het sy haar pligte besonder
bekwaam uitgevoer.

Sy het ook begrip vir die verantwoordelike en veeleisende
taak van 'n hoë offisier gehad. Linda het insig, gesonde
oordeel, takt en diplomasie aan die dag gelê om die
roetinewerk (dikwels van 'n hoë moeilikheidsgraad) te
identifiseer en van die ondergetekende oor te neem en
korrek af te handel.
[Ek getuig voorts graag van haar vriendelikheid, NP
betroubaarheid en bekwaamheid, en beveel haar aan vir die
aanstelling in enige pos.

Ons beste wense vergesel haar!

Hoof Offisier T. Thomas

## VRAAG 8

Tik die **agenda** van ? vergadering korrek.

**TYD:** **15 minute** **[20]**

swemvereniging van pretoria } \d.s.
algemene jaarvergadering }

Kennis geskied hiermee dat die 22ste algemene \b.k.
jaarvergadering van die vereniging gehou sal word om \b.k.
07:00 op 26 Mei 2005, by die swemklubhuis,
Fonteinstraat, Pretoria.

AGENDA \sent.

1. Amptelike opening en verwelkoming deur / \stet.
Voorsitter 2. Verskonings aangeteken & presensielys \voluit
onderteken 3. Notule van die 21ste algemene
vergadering 4. Voorsittersrede 5. Jaarlikse \jaar
finansiële state 6. Aanwysing van ouditeure
~~direkteure~~ 7. Toespraak deur mnr. Omari 8.
Afsluiting

.................................................. ..................................................

Voorsitter sekretaris

**TOTAAL: 300**

**EINDE**